BRANDVEILIGHEID VIR INFORMELE NEDERSETTINGS
& AGTERPLAASWONINGS • BROSJURE 1 VAN 3

# HOE KAN ONS BRANDVEILIGHEID VIR INFORMELE NEDERSETTINGS EN AGTERPLAASWONINGS VERBETER?

## STREWE NA GEÏNTEGREERDE BRANDVEILIGHEID

Daar bestaan 'n groot brandgevaar risiko met informele wonings en sodra 'n brand ontstaan, kan dit vinnig versprei. Daar is geen kitsoplossing nie en ons het 'n kombinasie van intervensies, strategieë en die betrokkenheid en deurlopende ondersteuning van alle relevante rolspelers nodig om die impak van brande te verminder.




Ons benodig **AKTIEWE BESKERMING** (brand reaksie), **PASSIEWE BESKERMING** (verminder die kans dat brande versprei) en **BRANDVOORKOMING** (stop brande voor dit begin).

**Elke nedersetting en gemeenskap is verskillend en sal 'n unieke kombinasie van oplossings benodig.**

Om toegang tot brandveiligheidsopleidingsmateriaal te kry: video's en brosjures (bit.ly/3ENVYUn) en gidsboek (http://hdl.handle.net/10019.1/108926)

## AKTIEWE BESKERMING (REAKSIE)

**A1 BEWUSMAKING VAN DIE PLAASLIKE BRANDWEER NOMMER**
Ken die plaaslike brandweer nommer. MOENIE 10111 skakel nie!

**A2 BRANDWEER INTERVENSIE**
Werk saam met jou plaaslike brandweerstasie. Hou paaie skoon, neem brandweerwaens direk na brande toe en beskerm brandbestryders.

**A3 BRANDKRANE**
Meld vandalisme aan en moenie huise oor brandkrane bou nie.

**A4 GEMEENSKAPSWATERVOORSIENING**
Gemeenskapswatervoorsiening is noodsaaklik vir die bestryding van brande.

**A5 ROOK- OF BRANDALARMS**
Verklikkers kan help om brande te bestry. Rookalarms bespeur brand vinnig, maar kan ook baie vals alarms veroorsaak. Brandalarms het min vals alarms, maar bespeur nie klein brande met baie rook nie.

**A6 WATER, BRANDBLUSSERS EN ANDER PRODUKTE**
Emmers vol water is goed om vure te blus. Brandblussers is doeltreffend maar duur en benodig onderhoud. Huishoudelike items soos dik komberse, potdeksels en koeksoda kan gebruik word om klein vure te blus. Indrukwekkende onderdrukkings-produkte (balle, houers, ens.) werk gewoonlik nie vir groot brande nie.

**A7 GEMEENSKAPSWYE BRANDWAARSKUWINGSTELSELS**
Gemeenskaps sosialemediagroepe kan mense waarsku.

**A8 GEMEENSKAPSREAKSIE SPANNE**
Lei plaaslike spanlede op. Hulle gaan gereeld ondersteuning benodig.

## PASSIEWE BESKERMING
(VOORKOM VERSPREIDING)

**B1 BRANDBESTANDE KONSTRUKSIE PRODUKTE**
Nie-brandbare konstruksiestelsels vertraag brand-verspreiding. Swak installasie en openinge (insluitend deure, vensters en daklasse) verminder effektiewiteit.

**B2 VERMINDER BRANDBARE ITEMS RONDOM HUISE**
Verwyder enige hout, ou bande, bokse, toerusting, ens. rondom huise. Papier, karton en plastiek op huise slaan maklik aan die brand.

**B3 VEILIGE AFSTANDE TUSSEN HUISE**
Hou paaie, paadjies en geplaveide areas oop vir toegang en om brande stadiger te laat versprei.

**B4 ONTSNAPPING UIT HUISE**
Vormuleer 'n ontruimings / ontsnappingsplan. Almal moet weet waar die voordeursleutel is.

**B5 HERBLOKKERING**
Herblokkering kan beter gemeenskapsuitlegte skep, maar vereis voorafbeplanning en baie moeite.

**B6 VULLISVERWYDERING**
Vullis rondom huise veroorsaak dat brande versprei.



## BRANDVOORKOMING (VOORBEREIDHEID)

**C1 OPVOEDINGSVELDTOGTE**
Opvoedkundige pogings help om brandveiligheid te verbeter.

**C2 ELEKTRIFISERING**
Elektrifisering verminder brandrisiko. Onveilige verbindings bemoeilik brandweerwa toegang.

**C3 GOEIE BEDRADING EN GEEN OORLAAI VAN PROPPE NIE**
Elektriese foute, slegte bedrading en oorlaaide proppe veroorsaak brande.

**C4 BRANDVEILIGHEIDSTEL**
'n Goeie brandveiligheidstel kan baie belangrike items verskaf.

**C5 BETER BELIGTING, KOOK EN VERWARMING**
Maak seker dat enige toestel eers deur die gemeenskap getoets word.

**C6 VEILIGE BERGING VAN BRANDSTOF**
Hou brandstof in kinderbestande houers en weg van hitte.

**C7 KARTERING VAN AREAS VIR BEPLANNING EN OM RISIKO TE IDENTIFISEER**
Ontwikkel kaarte wat veiligheids-, medies- en brandbestrydingsitems wys.

**C8 ONTRUIMINGSOEFENING**
Hou ontruimingsoefeninge saam met die gemeenskap.

**C9 MEDIESE FASILITEITE**
Ken die kontaknommer van die plaaslike klinieke en hospitale.

**C10 MEDIESE OPLEIDING VIR GEMEENSKAPSLEDE**
Opgeleide gemeenskapslede kan eerstereageerders wees.

**C11 NA-BRAND RAMPHERSTEL**
Ramphulpstelle en versekering help met herbou.

## VERJAGING VAN BRANDVEILIGHEIDSMITES. DIE WAARHEID IS:

1. Gegalvaniseerde staalplate (sink / sinkplaat) is NIE brandbestand nie.
2. Vuurbestande (intumescent) verf is nie effektief vir huise nie.
3. Klein, gooibare produkte (balletjies, houers, ens.) is nie doeltreffend in groot brande nie.
4. Brande is nie onstuitbaar nie. Baie kan gedoen word om hul impak te verminder.

# BRANDVEILIGHEID VIR INFORMELE HUISE




## AKTIEWE BRANDBESKERMING / REAKSIE

- **A1** Ken die plaaslike brandweerstasie se nommer (NIE 10111 NIE!)
- **A2** Brandweer-ingryping
- **A3** Brandkrane
- **A4** Watervoorsiening binne of naby huise
- **A5** Rook- of brandalarms
- **A6** Wateremmers / brandblussers / onderdrukkingsprodukte
- **A7** Gemeenskapswye brandwaarskuwingstelsel
- **A8** Gemeenskapsreaksiespanne

## PASSIEWE BRANDBESKERMING / VOORKOM VERSPREIDING

- **B1** Brandbestande konstruksieprodukte
- **B2** Verminder brandbare items rondom huise
- **B3** Veiligheidsafstande (paaie, paadjies) tussen huise
- **B4** Ontsnappingsroete van huis na buite
- **B5** Herblokkering
- **B6** Vullisverwydering

## BRANDVOORKOMING / RISIKO VAN ONTBRANDING / GEREEDHEID

- **C1** Opvoedingsveldtogte
- **C2** Elektrifisering
- **C3** Goeie bedrading en geen oorlaaide proppe
- **C4** Brandveiligheidsstelle
- **C5** Beter beligting, kook en verhitting
- **C6** Veilige berging van brandstof
- **C7** Karteer area om risiko's te identifiseer en om vir insidente te beplan
- **C8** Ontruimingsoefeninge
- **C9** Mediese fasiliteite
- **C10** Mediese opleiding vir gemeenskapslede
- **C11** Na-brand herstel (rampstelle en versekering)